


**Prof.dr. JD Du Toit (1977-1953), beter bekend as Totius**

# TOTIUS SE KULTUURBESKOUING

**deur Prof. A.W.G. Raath[1]**

## 1. INLEIDING

*"Die wêreld is ons woning nie,*
*Dit merk ek aan die son wat wyk,*
*en 'k merk dit aan die reier wat*
*Mistroostig na die son sit kyk*
*op een been, in die biesiesvlei.*
*En is die laaste strale weg,*
*dan rys 'n koue op uit die vlei.*
*'n Koue gril deurhuiwer my;*
*en 'k sien dit dan aan alle ding*
*wat in die skemer my omring,*
*die wêreld is ons woning nie. "*

Só praat Totius oor die tydelikheid van die menslike aardwoning. Soos 'n refrein klink dit deur sy digwerk – die mens is maar 'n trekker:

*"Die duur van ons lewe*
*op aard is 'n trek*
*van wa'ens o'er vlaktes*
*voortsukkelend gestrek."*

En weer:

*"Ja die aardse hoop*
*is 'n soete bedrog,*
*die dood is die end*
*van die moeisame tog. "*

Die mens is 'n pelgrim:

*"Nee, ek mag nie na binne,*
*ek, pelgrimskind;*
*my lewe is swerwe,*
*my naam is die wind."*

*"Nee, ek fluister my boodskap*
*en gaan dan weer heen*
*oor die velde*
*onverpoos en alleen."*

Maar dan hoor ons weer 'n kragtige oproep in sy "Enkele grondbeginsels van die Calvinisme", soos hy dit in *Koers in die Krisis,* 1935,) verwoord:

> "As Calviniste het julle 'n *roeping. ...* 'n Adjudant wat deur sy generaal *geroep* word en van hom 'n opdrag ontvang, is nie meer 'n vryman nie. Hy *moet* gaan, al is dit dwarsdeur die koeëls heen..... Die woord *roeping* het dus 'n skerp klank Maar ons vrees nie daarvoor nie. Inteendeel, dit is vir ons die skerp klank van krygsmusiek. Net soos krygsmusiek dien om die stryder in strydlustige stemming te bring of om hom, vermoeid en moedeloos, tot vernieude aanval aan te wakker, so dien die krygsmusiek van die roeping van God om ons uit ywerloosheid op te skrik en ons te besiel met 'n blye gees, sodat ons met vrolike moed verder kan gaan."

---

[1] Lesing gegee by die *Esra Instituut* se Verbondseminaar in 2000, onder die tema "Christus en Kultuur".
**Prof. A.W.G. Raath** is verbonde aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat, Departement Staatsreg. Prof Raath is ook die voorsitter van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO).

Met die eerste oogopslag wil dit voorkom asof Totius die rol van die mens in die werklikheid teenstrydig vertolk – enersyds is die mens belas met 'n positiewe taak om met krygslus die werklikheid te beheers, andersyds is die mens 'n swerwer wat nie in die wêreld sy woning vind nie. Hoe rym dit? Is Totius dalk die mening toegedaan dat die mens in 'n troostelose wêreld rondswerf, met 'n negatiewe siening van die mens se taak in die skepping? Mag die mens hom dan nie aan enigiets in die werklikheid verbind nie? In 'n sekere sin sou ons hierdie oënskynlike teenstrydigheid in Totius se benadering die kernprobleem van sy kultuurbeskouing kon noem: Christen-wees in die wêreld, maar nie van die wêreld nie! Die wortels van hierdie problematiek kom by Totius veral na vore rondom sy worstelinge met vier fundamentele aangeleenthede, naamlik sy teosentriese uitgangspunt; sy Skriftuurlike oriëntasiepunt, die gereformeerde kultuursiening in die historiese lyn van die reformasie, en vierdens, die kultuurtaak van die Christengelowige op grond van die verbondsverhouding tot God in Christus Jesus, oftewel die *Christelike beskawingsidee* binne verbondsverband

## 2. DIE TEOSENTRIESE GRONDSLAG VAN MENSLIKE KULTUURVORMING

*Die handhawing van die eer van God!,* is die oproep wat deurlopend uit Totius se skryfwerk opklink. Soos Calvyn, stel Totius dit as "die groot Bybelse waarheid wat deur Calvyn bokant al die ander verdedig is." *Alles* wat op die aarde en in die hemel is, *moet die eer van God dien* – dit is die een en al van die mens se taak in hierdie wêreld! Totius volg die lyn van Calvyn met die klem op die vraag: "Hoe kry *God sy eer ?"* en nie die benadering van Luther, wat eerder worstel met die probleem: "Hoe word *die mens salig*?" nie. Die hooflyn van die outentieke Calvinisme wat worstel met die vraag hoe die eer aan God gegee kan word, en nie eerstens hoe die meeste siele gewen kan word nie, bly die rigsnoer van Totius se denke oor die mens se taak en rol in die skepping. Daarom wy Totius – in die lyn van die klassieke reformatore en die belydenisskrifte – homself aan die probleem hoe God geken, verheerlik en die verskuldigde eer bewys kan word. Om hierdie rede maak Totius dan ook geen geheim van sy waardering vir die grondleggende werk wat Calvyn met sy siening oor die doel, taak en bestemming van die mens gedoen het nie. Van die *Institusie* van Calvyn verklaar Totius dan ook onomwonde "Uit hierdie boek hoef ons dan ook nie aan te haal nie Dit is één groot pleidooi vir die eer van God " Daarom: "Leser, hoe is *u* lewe ? Ú kerkbesoek, ú nagmaalgang, ú smeekgebed, ú Skrifondersoek – dien dit om uself, ú stigting, ú gerusstelling, ú heil te soek ? Nouwel, dan is hierdie goeie werke van u tevergeefs en by God niks werd nie, *want alles moet tot sy eergeskied(Spr.* 16:4, Rom. 11:36, 1 Kor. 10:31)."

In leer sowel as in lewe moet die eer van God gesoek word, Christelike lewe en Christelike leer dek mekaar. Calvyn het die reinheid van die lewe van die reinheid van die leer afhanklik gemaak, of, anders uitgedruk, vir hom was *"die heiligheid die dogter van die waarheid. "* Alles wat die mens doen staan onder die appèl van die eer en verheerliking van God. Die implikasies van die uitgangspunt van die eer van God, het in die denke van Totius fundamentele implikasies. die eer van God is die belangrikste saak en onkunde aangaande die beginsel van die uitverkiesing (predestinasie) verminder die eer van God, die ware kerk is "'n MOEDER...... van diegene wat God as Vader het en daarom is die horisontalistiese soeke na kerkeenheid, sonder om te vra na die eer van God, 'n soeke na 'n groot genootskap', om dan te kan sê: "Kyk die groot Babel wat ons gebou het!", beteken dit vir die nagmaalsleer die verheffing van ons harte hemelwaarts, in 'n vereniging met Christus deur die Heilige Gees, sodat "deur ons ware vereniging met Hom, sy lewe na ons oorkom en ons eie lewe word" ensomeer, beteken dit dat God van almal en orals ook buite die kerk, byvoorbeeld in die skool, in die samelewing en in die staat, sy eer moet ontvang, omdat "(a)l hierdie kringe....wel onderling onderskeie (is), maar hiérin moet almal saamstem: *die verheerliking van God".* Daarom word A. Kuyper se opmerkings in sy *Wij Calvinisten,* oor die handhawing van die eer van God op staatkundige terrein deur Totius met betrekking tot die vraag waaroor die groot stryd op staatkundige terrein intertyd gehandel het, instemmend aangehaal: "Oor Calvyn se groot

lewensvraag of *die Koning van die konings* ook in die staatsbeleid *sy eer sal ontvang.* Op hierdie vraag *skei almal wat uit 1789* (die Revolusie) *leef, die hele staatswese en alle staatkunde van die lewende God af; hulle wil van geen vermenging van godsdiens en politiek weet nie..... die staat moet sonder God wees. En dit is nou juis waar Calvyn met sy hart en sy hele siel so lynreg teenoor gestaan het. Skerper en krasser as enige staatsman het juis Calvyn hierdie ontrukking van die staat aan God se almagtige bestel veroordeel en verafsku"*

Ook in gedig en lied laat Totius die eer en heerlikheid van God in alles voorgaan, soos hy by geleentheid in sy universiteitslied van die PU vir CHO gevoelvol getuig:

*"Geseënd om u lig, o Bron,*
*o Eersbeginsel, eewge Son!*
*U't sonnewesens uitgesaai*
*Met transendente vuur gelaai. "*

Daarom staan die mens bewend voor die heerlikheid voor God:

*"Serafs moet voor u oogstraalswig.*
*Óns sien dié Lugter met sy lig.*
*Wees dan, o God, gebenedyd*
*Én nou én tot in ewigheid!"*

Uit, deur en tot God is alle dinge! Vir die gelowige Calvinis hou dit verreikende implikasies vir sy siening van kultuur op alle terreine in. God kondig Homself as die "groot Bekende" aan. God is wel "die grootste geheimnis", maar geen raaisel nie, ons wete van God rus nie op bewysvoering nie, maar op *geloof,* wie die bestaan van God loën, is 'n dwaas (Psalm 14:1); soos 'n kind nie sy vader kan deurgrond nie, maar wel kan *ken,* só staan die mens voor die aangesig van God; God openbaar Hom as "persoonlikheid en tree met die mens in gemeenskap en in verbond". Dit is tot hierdie getroue God wat die mensdom homself moet bekeer; die Getroue, Handelende en Skenkende God alleen, soos wat dit in die ou Wilhelmuslied van Marnix van St. Aldegonde besing word:

*"Myn schild ende betrouwen*
*Syt ghy, o Godt myn Heer.*
*Op U soo wil ick bouwen,*
*Verlaat my nimmermeer:*
*Dat ick doch vroom mach blyven,*
*U dienaar taller stondt.*
*De tyranny verdryven*
*Die my myn hert doorwondt. "*

Soos 'n Paul Kruger van ouds "klein-gebuig het voor die hoë God wat aan hom wysheid geleer het", moet ons weer voor die Drie-enige God van hemel en aarde staan in alles wat ons doen en aanpak; in al ons handel en wandel!

## 3. DIT, SKRIFTUURLIKE GESAG AS GRONDSLAG VAN MENSLIKE KULTUURVORMING

Die Bybel is die Woord van God! Die Skrif konstateer van die eerste tot die laaste bladsy dat dit die Woord van God is en hierdie Woord hou stand in ewigheid (Jes. 40:8). Die gesag van die Woord van God gaan *oor alles.* Aan hierdie waarheid moet ons *totalitêr* vashou. Met verwysing na die werk van ds. J.Verkuyl, *Evangelisatie onder hoogere standen,* onderskryf Totius die waarheid dat "in die Bybel roep Jesus Christus op tot geloofsgehoorsaamheid *op alle fronte van die lewe,* die totaliteit van die bestaan moet aan Hom onderwerp word. Hy vra gehoorsaamheid met die hart, die verstand en 'alle kragte'" en die *"totalitêre, verkondiging van die Woord van God,* waarin opgeroep en saamgestry word *om die erkenning van Christus as Here in alle situasies en funksies van die lewe."* Die fout, verklaar Totius, is dat die evangelie ook in Suid-Afrika alte dikwels as enkel 'n gemoedsaak verkondig is. Hierdie Metodistiese suurdeeg moet uitgesuiwer word

deur resoluut die Calvinistiese waarheid op die voorgrond te stel dat die gesag van die Woord van God onbeperk is. Dit gaan oor *alle* dinge! Dit strek oor die kerk, belydenisskrifte, huisgesin, skool, universiteit, staat, mediese- en regspraktyk, handel en nywerheid, landbou en veeteelt, individuele lewe en sosiale omgang, kultuur en volksbou, en die glans van die gesag van die Woord wat meebring dat *alles* uit die gesigshoek van die gesagsbeginsel bestudeer moet word. Op alle gebiede van die kultuurlewe bemerk Totius die gevaar dat die ongeloof as bedreiging na vore tree en die gesag van Gods Woord opsy skuif:

"Van ons geleerde jong Afrikaners is daar wat meen dat dit 'n besondere iets is om in hulle dwase geleerdheid as ongelowiges gereken te word. Deur die toedoen van hierdie ongoddelike geleerdheid word op die terreine van ons kultuurlewe stelselmatig en listig die heiligende invloede van die waarhede van Gods Woord opsy gestoot" Die Bybel is die *Godsopenbaring.* Dit ontvou vir ons die Goddelike plan van verlossing soos gesentraliseer in Jesus Christus, die Middelaar van God en die mense Dit bring "die heilige Evangelie wat God self eers in die Paradys geopenbaar het en daarna deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offerandes en ander seremonies van die Wet vooraf laat afbeeld het en eindelik deur sy eniggebore Seun vervul het" *(Heid. Kat.,* vr. 19). Die Skrif begin met die skepping van hemel en aarde. Dit eindig met die wêreldkatastrofe in die boek Openbaring en die verrysenis van die nuwe hemel en aarde. Dit handel oor die opkoms, bloei en insinking van wêreldryke soos Egipte, Babel, Tirus ensomeer. Dit bevat gebooie vir die huisgesin, die sosiale verhoudinge, die owerheid en ander lewenskringe en lewensverhoudinge. Wie mag dus vir die Woord van God grense stel en sê: "Tot hiertoe en nie verder nie ?" Wie losraak van die Woord van God, raak ook los van God self

Teenoor hierdie radikale afval wat in 2 Thess. 2 met sulke skerp kleure geskilder word, klink Totius se helder belydenis: "Die boeke van die Ou en Nuwe Testament is die enigste en waaragtige Woord van God, dit is vir ons die enige en waaragtige Woord van God waarvan niks afgedoen en waaraan niks toegevoeg mag word nie", soos die belydende vaders die Bybel gesien het "as 'n versterkte stad *ommuur."* Daarom kan/behoort ons met entoesiasme die liturgiese gebed voor die Kategismusprediking af te skrywe en die inhoud daarvan as "'n stuk ou goud" ons eie te maak:

> "Omdat ons van nature blind is en onbekwaam tot enige goed, en U ook niemand wil aansien wat nie ootmoedig en verslae van hart is en u Woord vrees nie, daarom bid ons U dat U ons duistere verstand wil verlig met u Heilige Gees en ons wil gee 'n sagmoedige hart waaruit verwyder is alle verwaandheid en vleeslike wysheid wat vyandskap teen U is, sodat ons, as ons U Woord hoor, dit reg verstaan en ons lewe daarna inrig."

## 4. KULTUURVORMING IN DIE HISTORIESE LYN VAN DIE REFORMASIE

Die historiese band met die Reformasie het Totius sowel geestelik as fisies ervaar. Reeds as kind is hy bewus van die Hugenote band wat die Du Toit-familie aan die Reformasie bind. Met verwysing na sy ervaring toe hy en 'n broertjie vir 'n tyd by hul ouma op die plaas van die Du Toit-stamvader, *Kleinbosch* in *Daljosafat,* buitekant die *Paarl,* moes bly, beskryf Totius sy indrukke soos volg: "Daar het die Hugenote voortrekker [eerste trekker oor die Bergrivier] hom gaan vestig. Hy was wat 'n mens in der waarheid kan noem 'n stoere Calvinis. Daar het die familie Du Toit gewoon, gewerk, gelewe, gesterwe. Daar is nog die begraafplaas waar soveel Hugenote begrawe lê."

Van die invloed wat die historiese omgewing op die gemoed van die jong Totius gehad het, skryf V.E. d'Assonville: "Hier op Kleinbosch sou die sewejarige seuntjie reeds voor dagbreek, lank voordat die son oor die hoë berge kom loer om oor die Drakenstein-vallei sy eerste strale te werp, aan die knie van sy grootmoeder, sy daaglikse onderrig uit die Bybel ontvang. Saam met die voëls in die digte bome het die lofsang van 'n kind met sy ouma se lied tot God opgestyg. Baie jare later onthou Totius nog 'hoe hy smôrens om 4 uur saam met haar opgestaan het, om te kyk as sy in die Bybel en Dagboek lees. Hy

hoor nog haar dun stemmetjie as haar môrelied en môregebed opstyg. O, die jeugherinneringe uit 'n waarlik beter tyd as wat ons nou beleef!' Tot in sy grysheid onthou die digter steeds 'hierdie eerste môrehandeling' van 'n wonderlike, vrome grootmoeder.' Sy 'was 'n egte Hugenoot..... Getrou het sy aan haar tradisie gebly; haar kinders het sy in die Calvinistiese spoor gelei'. Nooit kon hy die kersie wat voor dagbreek met die oggendgodsdiens geflikker het en die fyn stemmetjie van haar oggendpsalm vergeet nie. Hy gaan so ver om te beweer dat hierdie 'stille voorbeeld in die ouderwetse huis' een van die faktore was wat hom aan sy 'Calvinistiese oortuiging' getrou laat bly het."

Op hierdie grond is die Hugenote Gedenkskool opgerig is – die vrug van die strewe van Totius se vader S.J. du Toit. Totius verwoord dit soos volg: "S.J. du Toit wil niks weet van ''n dooie monument van bakstene en klei' nie, maar ter nagedagtenis van die vroom Hugenote wat hulle vaderland, goed en bloed vir die eer van God opgeoffer het, moet daar 'n veel beter monument wees. 'Nee, die beste en nuttigste Gedenkteken wat ons kan oprig is 'n *Skool,* na die behoefte van ons land en volk en kerk. Dit moet dan wees 'n regte *Nasionale* Skool, waarin eerbied vir ons Voorgeslag, liefde vir ons Volk, kennis van ons Geskiedenis en ware Nasionaliteitsgevoel aangekweek word'". Op hierdie skoolbanke het Totius sy skoolonderrig vir twee jaar ontvang – gevorm in die beginsels van 'n *Afrikaanse* skool; 'n *Hugenote* skool; 'n *Christelike* skool, 'n *Gereformeerde* skool, 'n *Normaalskool,* 'n *Vrye* skool; 'n regte *Gedenkskool* – soos S.J. du Toit dit in *Die Patriot* van 24 Desember 1880 verwoord het. Die openbaring van God in die geskiedenis kom ook in die bestaan van volkere tot vergestalting. In sy epiese rede by geleentheid van die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument wy Totius besondere aandag aan hierdie aspek en die implikasies daarvan. *As* vertrekpunt haal Totius aan uit 2 Samuel 22:11 en 5:24a: "Hy (n.l. God) het verskyn op die vleuels van die wind" en "(a)s jy die geruis van voetstappe in die toppe van die balsembosse (Hollandse vertaling: moerbeibome) hoor, dan moet jy gou maak". Beets verklank die geestelike betekenis van hierdie "suiwer-klinkende" verse soos volg:

*"De moerbytoppen ruischten,*
*God ging voor by.*
*Neen, niet voorby. Hy toefde.*
*Hy wist wat ik behoefde*
*En sprak met my".*

Totius se versugting klink helder-deurdringend: "Mag ons dit almal ervaar: God gaan verby...... en Hy vertoef..... om ons te seën." Hierdie geruis is 'n *Openbaringsgeluid,* soos goddelike stemgeluide wat tot ons kom uit die natuur, die wêreldgeskiedenis en ons eie volksverlede, ook in die herdenking van die Groot Trek in 1938, "(w)ant kyk, oorspronklik wou ons vanjaar net *feesvier,* alleen op groter skaal as tevore. Maar God se gedagte was hoër as ons gedagtes. Hy het 'n herlewing gegee, iets wat ons voorheen by ons feeste nie geken het nie. Die vinger van God, wat so onmiskenbaar ons volksgeskiedenis geskrywe het, skrywe nog en skrywe weer." As herdenking het die trek 'n begin, maar geen einde nie! In talle fasette van hierdie gebeurtenis vind ons God se openbaring. In die historiese openbaringslyn van die volkslewe bring die Here die *ruisinge* in die volksgeledere wat die Christelike wêreldgedagte sy vleuels gee: "Die kloppinge van die waentjies het deurgedring tot ons kloppende binneste. Hoe kon dit anders? Ons sien in hulle versinnebeeld die draers van die goudskatte van die Trekkers. Hulle het gedra die Bybel wat donker Afrika nie geken het nie. Met hulle saam het gegaan die skat van hoë sede. By die geklap van die sweep het die aasvoël weggevlieg en die Christelike wêreldgedagte het sy vlerke fosforesserend oor u donker land uitgesprei. Hulle het gedra die blanke moeder en haar kind, iets wat ons donker Suidland nog nie gesien het nie. Ja, die moeder en haar kind in die wildheid – dit was die *geloofstuk* van die Trekker, dit het teweeggebring dat die uittog geen ekspedisie was nie, maar 'n *Trek.* Hulle, die waens, het die vryheidshoop uitgedra wat altyd met die Afrikaner meegetrek het Hulle het die kinders van die hoop ingelei in die koninkryk van die hoop!" Maar na die *ruising* volg die *roeping.* Wanneer die ruising gehoor word, moet

vinnig gehandel word!, soos die Here in 2 Samuel 5:24a van Dawid eis, "Daarom terug tot God, o kinders van die Voortrekkers! En dan heet dit verder in die Skrif: Nie môre nie, maar *vandag, hede,* terwyl julle hoor die windgeruis van die Almagtige. Terug tot sy Christus wat die skuld delg, wat ons tot fakkeldraers maak, soos ons dit eens klaar voor oë gestel is in die fakkelloop uitgevoer deur die jeugdige kragte. Fakkeldraers moet ons wees van die volle Woord van God, deur die goue olie van die Heilige Gees". Die betekenis hiervan vir die Trekkergebeure in ons volksgeskiedenis, kom daarop neer dat die Trekker in sy hele lewenshouding gedra is deur die verborge, besielende krag van God. Hy het hulle toegespreek uit sy Woord. Hulle het die gedruis van sy voetstappe gehoor, en toe het hulle getrek, sonder om te aarsel en sonder om terug te deins voor die kranse en ravyne van moeilikhede, gelei deur die ligglans van God se Woord, soos verwoord in Psalm 119:39:

*"Heer, u Woord is my 'n fakkel*
*wat sy ligglans voor my dra,*
*voor my voet die duisternisse*
*van my lewenspad verja.*

*'Het gesweer, deur u ontferming*
*dit bevestig, dat ek my,*
*van 'n wêreldmag omgewe,*
*deur die ligglans wil laat lei. "*

In die volkslewe klink die appèl van die roeping van God – die *oer-Son* van al die lig wat die kind van God omgewe – hard en duidelik tot ons volk "Fakkeldraers moet ons wees van die volle Woord van God, deur die goue olie van die Heilige Gees." Teenoor die verduistering in ons land en volkslewe: "Tot die Wet en tot die Getuienis! Anders sal ons geen dageraad sien nie. Tot God terug, o kinders van die Voortrekkers! Alleen in die lig van sy aangesig is ons draers van die lig", of soos Hammenecker dit stel:

*"Gezegend Heer, om 't licht van al die lichten,*
*die naar uw glans hun zonnewezen richten,*
*als naar hun bron.*

*"Gezegend om uw Licht, o Zon der zonnen,*
*gezegend eerstbeginsel onbegonnen*
*van alle zon."*

Die historiese kultuurverlede lê soos 'n stroom wat uit die skemerende berge van ons verlede met sy worteloorspronge ver terug in die onbekende lê. Dit is 'n taalstroom, 'n gedagtestroom, 'n lewensstroom, 'n eenheid- en ondeelbare stroom. Hierdie stroom is bowenal 'n Calvinistiese stroom vanuit Nederland hier oorgeplant in die tyd van die Oos-Indiese Kompanjie, trou bewaar deur die Afrikaners wat veral in die noorde van die Kaapkolonie in afsonderinggeleef het, deur die Trekkers meegeneem: "(I)n eenvoudige onskuld het hulle hul nog maar by die eenvoudige vorm van godsdiens gehou soos hulle dit van vroeër af gewoond was." Hierdie stroom van Calvinisme het in die Boererepublieke, verder weg van verengelsing, sterk deurgewerk", verklaar Totius. Maar, die historiese kultuurverlede het geen krag buite God (die Bron) van alle kultuuruitinge nie. 'n Calvinis vrees om aan die misterie van God te raak. Daarom bid hy, wag en vertrou hy. Maar hy wil ook werk, anders kan hy nie bid en wag nie. Hy wil sy rigting uit die Woord van God duidelik bepaal en sy taak omskrywe. En dan voorwaarts!

## 5. DIE CHRISTELIKE BESKAWINGSIDEE AS RIGSNOER VAN CALVINISTIESE KULTUURVORMING

Voorwaarts! Só klink die krygsgeroep van die gelowige Calvinis wat die *ruising* en *roeping* van God hoor:

*"Die duur van ons lewe*
*op aard is 'n trek*
*van wa'ens o'er vlaktes*

*voortsukkelend gestrek,*

*"Daaragler vervaal*
*die swerwersbegin;*
*daar voor wijk die wêreld*
*die eindloosheid in.*

*"Trek verder! verlui dit*
*die morge heel vroeg,*
*en sawends heel laat:*
*'nog nie vér genoeg!' "*

Die kultuurroeping van die Calvinis in Afrika, word deur die Christelike beskawingsidee ontsluit. Volgens V.E. d'Assonville was Totius die eerste Afrikaanse digter wat probeer het om so vroeg as 1909 al met 'n *Afrika-visie* te kom. Volgens daardie visie sien hy vir die Afrikanervolk 'n geweldige roeping en taak in die geskiedenis. Soos 'n profeet kyk hy skerp na die verlede, hede en die toekoms – 'n siening wat hy van sy vader, S.J. du Toit, geërf het. Reeds in 1890 lees hy sy vader se brosjure *Afrika – het landder toekoms.* In sy digwerk kom hierdie visie by Totius tot meerdere ryping: *Verse van Potgieter's Trek* [1909], *Unie-lied* [1910];*Rachel*[1913], *Trekkerswee [\9\5] Uit Donker Afrika* [ 1936] en *Uit 'n kantate* in *Skemering*[ 1948] vertoon hierdie sentrale tema. In sy werk *Uit Donker Afrika* vind hy aansluiting by S.J. du Toit se gedagte dat die beskawing in die Ooste, in Sjina, begin het en deur die eeue weswaarts beweeg het om sy "middelhoogte" in Wes-Europa te bereik. Daarenteen het die beskawing in Afrika nie vanaf die noorde begin nie, *maar vanuit die suide!* Daarom begin die bundel met *Tafelberg* – dáár begin die nuwe trek van die Christelike beskawing in "donker Afrika": "In hierdie konteks het die Voortrekker en met hom die Afrikanervolk 'n dure roeping. Hulle is die 'nagverdrywers' van Donker Afrika – hulle is die kinders, die erfgename van Afrika.....".

*"Ek is die Trekker met my wa,*
*die wit kind van groot Afrika.*
*Ek is geen vreemde uit vreemde hoek,*
*Wat hier na goud en roofgoed soek.*
*Ek kom my ryke erfnis wa,*
*Ek kom dit soek en speur dit na*
*As erfseun van my Afrika."*

Die Afrika-visie slaan by Totius telkens deur. 'n Seereis in 1937 langs die Ooskus van Afrika en 'n besoek aan die Bybellande, lewer opnuut verskeie gedigte wat die beskawingsidee in Afrika na vore stoot. In *Uit 'n kantate,* geskryf vir die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in 1838, beklemtoon Totius die plek van die Boer in hierdie "donker" kontinent; 'n plek wat nooit meer uitgewis kan word nie:

*Juig dan, o binnelande,*
*Wat nog die tekens dra*
*Van bloedtonele en brande!*
*Juig strande vergeleë,*
*Waar nog die kruise slaan*
*Van worst'laars op die see!*
*Juig, hooglande in die hoogte,*
*Woestyne kaal van droogte!*
*En laaglande aan die see*
*Juig in die vreugde mee!*
*Oerwoud, grasveld en strome,*
*Ontwaak uit nare drome!*
*Die eeue is omgewend,*
*Oop gaan 'n kontinent*
*Voor hom, die nagverdrywer,*

*Wat intrek met sy wa*
*Die Boer van Afrika!"*

Kultuur is nie beskawing nie; kultuur is ook nie identies met verfyndheid van optrede en met goeie smaak nie, kultuur en beskawing is nie doelwitte op hulself nie, *maar tog is hulle onafskeidbaar vervleg.* Anders as Emil Brunner, is *kultuur* en *beskawing* nie sinonieme vir Totius nie. Ons sou dit ook só kon vertolk: Beskawing is die resultaat van die ontslote kultuurlewe onder die gesag van die Woord van God; dit is die mondige selfbeheer en beheersing van die skepping. Sodanige *selfbeheer* en *beheersing* van die skepping is nie moontlik sonder *bekering* en onderwerping van die hele lewe aan die eise van die Woord van God nie. Die implikasies hiervan binne die konteks van Totius se *Afrika-visie* is diepgrypend. Die normatiewe ontsluiting van die kultuur van Afrika is slegs moontlik onder die gesag van die Woord en die uitvoering van die goddelike roeping tot kerstening van die hele lewe.

## 6. SAMEVATTEND

6.1 'n Uiteensetting van die kultuurbeskouing van Totius moet eerstens daarmee rekening hou dat hy geen sistematiese kultuurfilosofie die lig laat sien het nie. Dit is wel 'n feit dat die beginsels waarop Totius sy kultuurbeskouing ontwikkel, duidelik en helder na vore kom. Pogings om 'n sistematiese uiteensetting van Totius se denke oor kultuur te gee, bring noodwendig mee dat dit mag neig om die fynere nuanses van sy denke te laat vervaag. Vir doeleindes van hierdie voordrag word egter wel gepoog om vervolgens so 'n kort sistematiese samevatting van sy kultuurbeskouing te gee.

6.2 In sy mees omvattende sin behels kultuur vir Totius daardie aktiwiteit van die mens – as beelddraer van God – ingevolge waarvan die mens sy skeppingsopdrag (om die aarde te bewerk, om dit te beheers en dit te onderwerp) ten uitvoer bring.

6.3 By Totius dui kultuur ook op die resultate van sodanige menslike aktiwiteite. As sodanig is kultuur nie slegs van sydelingse belang vir die mens nie, maar behoort dit tot die kern van die menslike bestaan in die skepping. Dit is in 'n bepaalde opsig 'n uitdrukking van die wesensaard van die mens, geskape na die beeld van God en omdat die mens wesenlik 'n godsdienstige wese is, is dit uitdrukking van die mens se verhouding tot God, naamlik van sy religie. Kultuur as *roeping* behels ook die vervulling van 'n *goddelike opdrag,* is dit ook *diens van God,* is dit deel van die *omvattende* diens van God, is dit deel van die mens se *religieuse taakvervulling.*

6.4 Die mens as *verbondswese* word deur God tot kultuurvorming geroep. Die Drie-enige God wat die mens geskape het, het ook aan hom sy kultuuropdrag gegee om die aarde te vul en dit te beheers

6.5 Om te sê dat kultuur die mens se roeping binne die verbond is, is slegs 'n ander wyse om te sê dat kultuur religieus bepaald is en as sodanig bring dit die *teologie van kultuur* na vore. As sodanig kan gesê word dat Totius se kultuurbeskouing merendeels 'n teologiese beskouing van kultuur behels en dat hy konsekwent die standpunt handhaaf dat die Calvinisme die enigste aanvaarbare teologiese grondslag van kultuur bied.

6.6 Totius het nooit gehuiwer om sy kultuurbeskouing ook histories op die geskiedenis en lotgevalle van ons volk van toepassing te maak nie. God se openbaring kom ook konkreet in ons volkslewe tot vergestalting.

6.7 Die verband tussen kultuur en beskawing is by Totius 'n hegte ineengevlegde relasie wat prinsipieel onderskeibaar, maar nooit skeibaar is nie, omdat kultuur sy hoogste ontsluiting juis onder die regulatiewe taak en funksie van die Christelike beskawingsidee vind.

6.8 Op die vraag tot welke mate die Calvinistiese kultuurbeskouing van Totius 'n effek op die gereformeerde denke in ons land gehad het, kan nie by hierdie geleentheid stilgestaan word nie. Dit is egter duidelik dat Totius se kultuurbeskouing die

Calvinistiese denke van H.G. Stoker en andere sedert die twintigerjare van die vorige eeu, grondliggend beïnvloed het, en andersins 'n groot formatiewe rol in die ontwikkeling van die Afrikaner se siening van kultuur gehad het.